HSH – WE DO ORDINARY EXTRA-ORDINARILY!

VALUE FOR TERM 2 : COMPASSION

Nuusbrief 6/2019
11 April 2019

Geagte Ouers

Die uitdrukking “Oos, Wes, tuis bes” draai in my kop rond na afloop van ons Ierse uitstappie, want dis verseker lekker om weer in Hopefield te wees. Ek kan nie help om te glimlag as ek terugdink aan Dag 8 op die toer en hoe ons seuns hardop begin verlang na HSH se meisies nie – skynbaar baie, baie mooier as enige Ierse meisie!

Term 2 and 3 are my favourite terms for the simple reason that I am completely in love with pancakes and during the winter terms I get the opportunity to get my teeth into a few high quality HSH pancakes.

I also get the chance to see HSH parents every weekend, and most importantly, I get the opportunity to watch top class rugby, netball and hockey. To put the cherry on top, it will also be great to witness first class spectators, as is always the case with HSH parents.

1. **Leerderprestasies**

Die volgende rugbyseuns is gekies om aan die volgende stel rugbyproewe deel te neem:

Wes-Boland Laerskole o/13 Rugbyspan : Bronwyn Williams

Wes-Boland Hoërskole o/16 Rugbyspan : A-Span
Bradley Swart, Jian Slabber, Ricus Snyman, Riaan Vraagom, Basson Burger, Denmar Jacobs
B-Span: Logan Strydom, Denovan Beukes

Wes-Boland Hoërskole o/18 Rugbyspan : A-Span
Paul Pretorius, Rob Hatem, Ohlaf Fourie, Nathan Engelbrecht
B-Span: Antun van Emmenis, Tiaan van Antwerpen, Willem Basson, Cherwin Cleophas

Die volgende netbalspelers gaan deur na die volgende stel proewe:

Raydene Loubser, Lureesha Cleophas, Ella van Vuuren, Hanlie Matthysen, Kayla Burger.

Nina Slabber, Jordan Jaars en Mienke Teubes in opgeneem in die Weskus-Netbalspan.

Baie geluk en baie sterkte aan hierdie seuns en dogters!

Na afloop van die Suid-Kaaptoernooi is die volgende o/15-spelers gekies vir ‘n span wat tydens die Septembervakansie na Ierland gaan toer:

Barend Olivier, Ernst Conradie, Anowen de Bruyn, Breyton Vlok, Dandré Killian, Jaydan Gallant, David-John Coraizen, Ru-ben Cloete, Danyal Cornelius.

Hanchen Tredoux is na afloop van die Charlie Hofmeyr-toernooi opgeneem in 'n hokkiespan wat in Holland gaan toer. Ons is saam met hierdie spelers opgewonde oor die wonderlike geleentheid om oorsee te gaan toer!

HSH se atlete het soos volg presteer tydens die volgende kampioenskappe:

Atletiek

1.	Saterdag 16 Maart	WP-Kampioenskappe (Parow)		
	Stephanie van Zyl	1ste	10km stap	Do/20
	Tristan Holtshausen	2de	Driesprong	So/18
2.	Vry/Sat 21 – 23 Maart	S.A. Junior H.S Atletiek te P.E.		
	Denmar Jacobs	3de	110m Hekkies	So/17
	Stephanie van Zyl	4de	10 km Stap	Do/19
	Anja Prins	9de	Hamergooi	Do/17
3.	Sat 30 Maart	ASA (Atletiek SA) in Paarl		
	Stephanie van Zyl	3de	(Vir WP) 10 km stap	Do/20
	Anja Prins	9de	(Vir Boland) Hamergooi	Do/18
	Tristan Holtshausen	15de	(Vir WP) Driesprong	Do/18

Tweekamp

HSH se tweekampers het soos volg presteer tydens die nasionale kampioenskappe:

Chrizandi Basson is algeheel 27ste geplaas in die Do/13-afdeling terwyl Kellan Gouws tiende geplaas is in die So/15-afdeling. HSH is ongelooflik trots op hierdie atlete en tweekampers wat op nasionale vlak presteer!

Die o/15A rugbyspan se uitslae tydens die Suid-Kaap toernooi in George is soos volg:

H/S Sentraal Bloemfontein	Verloor 19-5
Paarl Boishaai	Wen 64-0
Curro Durbanvile	Wen 35-3

Die o/19A seuns- en dogtershokkie-uitslae tydens die hokkie-toernooi by Charlie Hofmeyr is soos volg:

o/19 Dogters		
HS Langenhoven	1-0	Verloor
Langenhoven Gim o/16	2-0	Verloor
Charlie Hofmeyr	1-1	Gelykop
De Kuilen o/19A	1-0	Verloor
De Kuilen o/16A	0-0	Gelykop
Dirkie Uys o/19A	2-2	Gelykop
Charlie Hofmeyr o/19A	1-0	Wen
o/19 Seuns		
Charlie Hofmeyr o/19A	0-0	Gelykop
Bredasdorp o/16A	1-0	Wen
Dirkie Uys 0/19A	0-0	Gelykop
Charlie Hofmeyr 0/16A	0-0	Gelykop

H/S Knysna o/19A	3-0	Verloor
H/S Montagu o/19A	3-0	Verloor
H/S Langenhoven o/19A	5-0	Verloor

The cyclists of HSH achieved the following results:

1. Saturday 30 March Philadelphia	50km: Ettiene Kotze Tiaan Ebing	50th of 312 7th of 312
2. Kolsvlei MTB Challenge	13km: Heinrich Ebing 25km: Morné Pretorius	4th of 147 2nd of 37 competitors
3. Sonday 31 March	Padfiets PPA Sportive Bianca Bezuidenhout 152 of 243 competitors 3rd in her age group	38km (Paarl)

Well done to Adriaan van Zyl with his first place at WP League Cycle Racing! Quizandri Mouton, one of our swimmers, excelled during the Western Cape Level 1 Interprovincial Championships with personal best time in all her items. Well done, Quizandri!

We are also proud to report that our underwater hockey players brought home two team medals from the SA Underwater Hockey Championships held in Port Elizabeth. The u/15 boys and u/19 girls both achieved second place. Well done!

Albert van Dyk is besig om die wêreld aan die brand te ry met sy motorfiets tydens die Eduro motorfietskompetisie met eerste, tweede en derde plekke. Mooi so, Albert!

2. **Wintersportuitslae**

Teen: H/S Weston, F.D. Conradie, Curro, Bellville Sportdag		Datum: 05 April, 06 Saterdag			
RUGBY		**NETBAL**		**HOKKIE**	
Span	**Telling**	**Span**	**Telling**	**Span**	**Telling**
O/19A	Wen 49-3 vs H/S JG Meiring	O/19A	vs Curro	**Meisies**	
O/19B	Wen 22-18 vs H/S Hermanus	O/19B	vs Curro 0/19B	O/19A	Verloor 0-1 vs Curro
O/19C	Verloor 21-12 vs Weston	O/19C	Wen 29-16	O/19B	
O/16A	Wen vs 34-0 H/S Melkbos	O/19D		O/16A	Verloor 0-3 vs Curro
O/15A	Verloor 34-7 vs Hermanus	O/16A		O/14A	
O/15B	Wen 29-5 vs Curro Hermanus	O/16B	vs Curro 0/16A Wen 14-10	**Seuns**	
O/15C	Verloor 25-10 vs Weston	O/16C	vs Curro 0/16B Wen 16-10	O/19A	Verloor 0-1 vs Curro
O/13A	Verloor 10-35 vs FD Conradie	O/16D		O/19B	Verloor 0-1 vs Curro

O/11	Wen 12-10 vs FD Conradie	O/14A		
O/9	Wen 5-0 vs FD Conradie	O/14B	vs Curro 0/14A Verloor 19-9	
O/8	Verloor 0-10 vs FD Conradie	O/14C	vs Curro o/14B Wen 9-8	
O/7	Verloor 0-10 vs FD Conradie	O/13A	vs FD Conradie Verloor 16-6	
		O/13B		
		O/12A	14-4 verloor	
		O/12B		
		O/11A	10-12 verloor	
		O/11B	3-9 verloor	
		O/10A	7-10 verloor	
		O/10B		
		O/10C		
		O/9A	6-1 wen	
		O/8A	4-4 gelyk	
		O/7A		

Netbal Bellville Sportdag

o/14A vs: Porterville Monument Park Eben Donges De Kuilen	 Wen 10-3 Wen 18-3 Wen 9-0 Wen 6-5
o/16A vs Porterville Monument Park Eben Donges Swellendam Hermanus	 Wen 9-8 Wen 18-0 Wen 19-4 Wen 11-9 Wen 12-10
o/19A vs Swellendam Vishoek Eben Donges Porteville Beaufort-Wes Sentraal	 Gelykop 8-8 Wen 12-3 Wen 15-4 Gelykop 9-9 Wen 10-3

3. **Ierland Toer 2019**

Hoërskool Hopefield het nog altyd ‘n baie sterk toerkultuur gehad, maar op Donderdag, 14 Maart het 39 seuns en 5 volwassenes dit ‘n bietjie verder gevat as die normale HSH1-trippie op die N7. Hierdie keer het die manne Noord gevlieg en sommer ver noord – Ierland toe!

In kort – dit was ‘n ongelooflike toer! Ons het lekker gevlieg, die Dubai-ervaring geniet, ons verblyf was topklas, Ierse ontbyte sal vir ewig in ons geheue vasgebrand wees, die Iere het ons op die hande gedra en die seuns het topklas-rugby gespeel.

Twee hoogtepunte verdien spesiale vermelding: Die groep was deel van die St Patrick’s Dag feesvieringe in ‘n klein Ierse dorpie, Carrick-on-Suir en ons het ook die parade gelei. Dit was werklik ‘n ervaring wat geen seun ooit sal vergeet nie! Die kersie op die koek was toe ons as die beste groep op die parade aangewys is en ‘n trofee gewen het wat ons volgende jaar sal moet verdedig…

Dinsdag, 19 Maart sal vir altyd in die annale van Hoërskool Hopefield aangeteken word as “Munster Dag”. Hierdie seuns van ‘n klein skooltjie en ‘n nog kleiner dorpie, wen vir Young Munster, een van die topklubs in Ierland! Dit na elke Ier en sy hond vanaf ons aankoms in Dublin ‘n groot pak slae voorspel het. Die een opmerking van ‘n Ierse ondersteuner tydens hierdie wedstryd sal ons altyd bybly: “They just keep coming!” Dit was tipiese Hopefield “guts” in lorrievragte vol wat gemaak het dat ons daardie wedstryd kon wen, en was dit nie lekker om na die wedstryd in ‘n klomp suur Ierse gesigte vas te kyk nie!

Die o/19A-span se wedstrydtellings was soos volg:

Carrick-on-Suir	Wen 51-0
Young Munster	Wen 29-7
Cill Dara	Wen 45-3

Die Barbarians-span (gemengde o/16 en o/18 HSH-spelers) se wedstrydtellings:

Carrick-on-Suir	Verloor 26-5
Young Munster	Verloor 26-5
Cill Dara	Wen 20-5

Die vraag wat nou op elke HSH-leerder se lippe is, is: “Wanneer gaan ons weer?”

4. <u>SPH Kundalila Quadbike / 4x4 Rally</u>

The annual SPH Kundalila Rally is scheduled to take place on Saturday, 8 June. This event was hugely successful in the past and we believe that this year will be no exception. The rally takes place on farms around Hopefield and quads, motorcycles and 4x4’s are welcome to enter. We would like to extend an invitation to all parents with reliable 4x4s to assist us with the marking of the route. For more details with regards to entries or assistance, contact Anneke Basson at the school, or Ryan Steinmann at 083 300 7533.

5. <u>Inskrywings 2020</u>

Inskrywings vir die 2020 skooljaar het op Vrydag, 15 Maart gesluit en die pakke inskrywings is weereens ‘n groot mosie van vertroue in die goeie naam van HSH. Op hierdie stadium is dit een van die grootste uitdagings wat die skoolbestuur en die Beheerliggaam in die oë moet kyk. Die feit dat ons dorp ook ‘n invloei van mense ervaar, maak getallebestuur ‘n tameletjie. Die negatiewe kant is dat baie ouers en leerders teleurgestel word, want daar is eenvoudig nie plek vir alle aansoekers nie. **Ons wil dus ouers <u>dringend</u> versoek om ons onmiddellik in te lig as u kind/kinders die skool gaan verlaat.** Dit sal ons beplanning vir 2020 aansienlik vergemaklik.

6. **Admissions 2020**

Schools are required to adhere to the following WCED admission timeframes which will be applicable to all ordinary public schools:

MONTH	2019/20 DATES	ACTIVITY
FEBRUARY	01-08 February 2019	Schools capture planned enrolment on the School Admissions Management information System (SAMI)
FEBRUARY	15 February 2019	School admissions open (all ordinary public schools) Compulsory: Parents will be required to rank schools in order of preference
MARCH	15 March 2019	School admissions close (all ordinary public schools)
JUNE	07 June 2019	Parents are informed of the outcome online
JULY	12 July 2019	**Parents confirm final acceptance online**
TERM 3	Third term 2019	Schools fill available places
TERM 4	After progression and promotion is signed off	Schools confirm enrolment

Parents must use the following URL, https://www.admissions,westerncape.gov.za to make their final choice or they can contact the relevant district office to inform the WCED of their final decision.

7. **Afwesigheid**

U word versoek om leerder-afwesigheid onmiddellik op dieselfde dag met die skool te kommunikeer. Ouers word ook herinner dat die skool, soos ander WKOD-skole, ‘n stelsel van deurlopende assessering volg en dat leerders die skool van ‘n mediese sertifikaat moet voorsien indien hy/sy ‘n formele toets/taak sou misloop.

8. **Finansies**

HSH is bevoorreg dat skoolfinansies op hierdie stadium in ‘n gesonde toestand is, danksy goeie finansiële bestuur en ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ons wil dus ’n beroep op ouers doen om so voort te gaan en skoolgelde getrou te betaal**. Ons wil ook ’n dringende versoek rig aan ouers wat nie hul skoolgelde betaal nie – doen die regte ding en betaal u agterstallige skoolgelde.** Dit is immers in die beste belang van u kind, want sonder u gereelde en stiptelike betalings kan HSH nie ’n kwaliteit diens lewer nie. Hierdie versoek sluit ook koshuis- en busgelde in.

9. **Resolusie 1 – 100% HSH**

Tydens die Begrotingsvergadering is die volgende resolusie eenparig deur die ouers teenwoordig aanvaar: ’n minimum maandelikse betaling van R250 skoolgeld deur alle HSH-ouers word aanvaar. Gesien in die lig dat daar in die 2018 boekjaar R2 064 552 afgeskryf is a.g.v. kwytskeldings asook die kwaliteit onderrig wat alle leerders by HSH ontvang, word ’n beroep op ouers wat vrystelling ontvang, gedoen om hierdie minimum betaling van R250 per maand te doen. Hierdie resolusie is nie afdwingbaar nie, maar ons doen ’n beroep op ouers wat vrystelling ontvang om ook hulle 100% vir HSH te gee en sodoende ’n bydrae te lewer tot die skep van ’n uitnemende skool. Baie dankie aan elke ouer wat hulle deel bygedra het tot Resolusie 1, in 2018.

Skoolbestuur respekteer die kwytskeldingsproses, maar ons wil 'n ernstige beroep doen op ouers wat vir kwytskelding aansoek doen, om nie die proses te misbruik nie. Die beginsel is dat HSH slegs kan voortgaan om 'n uitstekende diens te lewer as elkeen die finansiële bydrae maak wat hy/sy behoort te maak. Die skoolbeheerliggaam gaan verseker stappe neem teen enige oneerlike praktyke t.o.v. aansoeke vir kwytskelding. Ons maak staat op almal se samewerking in die verband.

10. Parents' contact details

We urge parents to make sure that the school has your correct contact details. It is vitally important for the school to have parents' correct contact details, especially in case of emergencies. We also call on all our parents to download the D6 Communicator on their cell phones. We at HSH are firm believers than an informed parent is a happy parent. Help us to communicate with you effectively!

11. Mnr. en Mej. HSH 2019

Ons baie gewilde Mnr. en Mej. HSH vind op Woensdag, 24 April om 18:30 in die skoolsaal plaas. Kaartjies kos R70 en is verkrygbaar by leerlingsraadslede of juffrou Rosa Lintvelt.

Ons finaliste vir 2019 lyk soos volg:

Dames	Kêrels
1. Ann-Marie Engels 2. Ansi du Toit 3. Dezeré Coetzer 4. Inge Thiart 5. Pam McGear 6. Selena Ward 7. Simoné Kriel 8. Stacey-Lee Feris	1. Conrad Conradie 2. Courtney Hendricks 3. Denmar Jacobs 4. Henco Auret 5. Jean-Jaco Nel 6. Nico Swanepoel 7. Ricus Snyman 8. Sebastiaan du Toit

Ek wil ouers aanmoedig om so gou as moontlik kaartjies te koop. Ervaring het geleer dat hierdie kaartjies verkoop soos koeksisters op 'n Kinderkranspartytjie en as u nie gou spring nie, gaan u baie teleurgestel wees.

12. School uniform

Winter school uniform will be compulsory from Monday, 29 April. Please see to it that pupils adhere to school rules. Winter uniform are as follow:

Gr. 8 – 12 (Girls)	School dress with black opaque stockings with school blazer with school badge.
Gr. 8 – 12 (Boys)	White school shirt with tie. School blazer with school. Grey school trousers.
Gr. R – 7 (Boys)	Grey school trousers White school shirt / School track suit top / navy pull over

	School track suit with white school shirt and black school shoes.
Gr. R – 7 (Girls)	White school shirt / School track suit with black school Shoes and white socks.

13. **School bags**

We remind parents that school bags can be ordered at the school. The bags are in two sizes (big and small) and in the colours of the school with the school's badge printed on it. Contact Mrs Cathrin Maree to place an order as soon as possible.

14. **Vakveranderings**

Ons wil ouers en leerders maan om versigtig om te gaan met vakveranderings. Maak seker dat leerders nog steeds aan die toelatingsvereistes voldoen vir die kursusse waarin hulle belang sou stel. Gr. 11-leerders kan nog 'n maksimum van 2 vakke verander voor 15 Maart, terwyl die Gr. 10-leerders se finale datum vir vakverandering 13 Junie is. Geen vakveranderings word na die datums toegelaat nie.

15. **Eisteddfod**

The second term is traditionally the start of the Eisteddfod process. Our learners performed excellently last year, thanks to the hard work of Mrs Elna van der Westhuizen and her team. It is our aim to improve on last year's results, so let us encourage our learners to participate and also do their bit with regard to cultural activites.

16. **Revue 2019**

Ons Revuegroep is volstoom aan die oefen vir die revue wat vroeg in die derde kwartaal plaasvind. Ek het al gaan inloer by hulle oefening en was ongelooflik beïndruk met wat nou al vermag is. Baie dankie aan ons ouers, leerders en juffrou Franciske en haar span vir al hulle harde werk. Ons sien met groot afwagting uit na die eindproduk! **Die Revue vind in die tweede week van die derde kwartaal plaas. Kaartjies sal eersdaags bekikbaar wees. Moenie hierdie geleenheid misloop nie!**

17. **Beheerliggaamtussenverkiesing**

Dis vir ons hartseer om aan te kondig dat die Beheerliggaam twee lede van hierdie gedugte span gaan verloor. Mev. Suanne Burger is in die finansiële kantoor aangestel en moes haar pos as ouerverteenwoordiger op die Beheerliggaam ontruim. Dr. Wynand van Dyk verhuis na die V.S.A. en ons moet dus ook 'n ouerverteenwoordiger in sy plek verkies. Mev. Burger bly uit hoofde van haar amp aan op die Beheerliggaam, maar Dr. Van Dyk verlaat ons. Wynand het 'n enorme bydrae tot die Beheerliggaam en Hoërskool Hopefield gelewer en sy vertrek gaan 'n groot leemte laat. Ons beste wense vergesel hom en sy gesin!

Hoërskool Hopefield sal dus op Donderdag, 9 Mei om 18:00 in die skoolsaal 'n tussenverkiesing moet hou. Verdere inligting en dokumentasie is aan hierdie nuusbrief aangeheg.

18. **“<u>Commitment</u>”**

Die Engelse word “commitment” het net soveel meer oemf as die ekwavilent in Afrikaans, dus verskoon die gebruik daarvan in hiérdie skrywe. HSH het die afgelope paar weke skole soos Stellenberg, Strand, Brackenfell, Tygerberg, Overberg en nog meer op hulle neuse laat kyk op die sportveld. Dit is almal skole wat getallegewys baie groter as HSH is. Hoe doen ons dit? Absolute “commitment” deur ons leerders, hulle ouers en opvoeders. Dit is die resep vir sukses by HSH en ons moet dit nóóit vergeet nie. Ek wil hierdie resep vir ons skool se sukses veral aan ons ouers in die Grondslagfase voorhou. **As ons “commit” vir sport, kultuur en ander skoolaktiwiteite, moet ons daarby hou. Ons kan nie besluit wanneer hierdie “commitment” vir ons gaan werk of nie gaan werk nie.** En uiteindelik pluk ons almal die vrug van “commitment” soos die afgelope paar weke baie duidelik vir almal is.

Die ander “commitment” wat ons almal moet maak, is om Saterdag in GROOT getalle ons sportspanne te kom ondersteun. Wees verseker – dit maak ‘n verskil!

Groete

Wehan Fourie (Skoolhoof)

VALUE FOR TERM 1 : ENTHUSIASM

WE DO ORDINARY EXTRA-ORDINARILY!

PROGRAM: 15 APRIL TOT 28 APRIL 2019

"Think of all the beauty still left around you and be happy"
Anne Frank

MAANDAG 15 APRIL 2019

Saal: Prefekte
Terreindiens: JR BA EdeV JaB
Sementblad: Hoërskool
Aansoeke 2020 siftingsvergadering
YCA Circuit Competition
Freddie Pretorius verjaar
Gr.12 Maths Training (Weston)
Gr.10-12 Tourism PAT Phase 2 Training (Weston)

DINSDAG 16 APRIL 2019

Principal Forum meeting 13:00

WOENSDAG 17 APRIL

Fis. Wet. Opleiding Gr. 10-12 (Weston)
L.W. Opleiding Gr. 10-12 (Weston)
Wisk. Gelet. Opleiding Gr. 10-12 (Weston)
Boland Streeksproewe (Malmesbury) O/16 en O/18 rugby
Revue 17:00-20:00
Netbal Sone-proewe O/16 & O/17 en O/18 (Saldanha)
L/S Rugby & Netbal vs L/Baanweg (weg)

DONDERDAG 18 APRIL

Alle PPBOS-prosesse afgehandel
Werksafbakeningsvorms uit na opvoeders

Pulse Camp

VRYDAG 19 APRIL

GOEIE VRYDAG
Pulse Camp

SATERDAG 20 APRIL

Unita Slabber verjaar
Pulse Camp

SONDAG 21 APRIL

Pulse Camp

MAANDAG, 22 APRIL

GESINSDAG
Mnr & Mej HSH Kleedrepetisie
3de Rondte rugbyproewe (O/16 en O/18) (Wellington)

DINSDAG, 23 APRIL

Terreindiens: NvT MS BJ BT
Sementblad: Laerskool
Admissions 2020 Interviews
Revue 17:00-20:00 (FR klas)

WOENSDAG, 24 APRIL

Mnr en Mej HSH

Gr. 8-9 EBW Moderering (Weston)
Admissions 2020 Interviews
Kurrikulumvergadering: eksamensessie met skoolhoofde

DONDERDAG, 25 APRIL

Werksafbakeningsvorms uit na leerders
UCT Maths
Admissions 2020 Interviews

Jacomien Britz verjaar

VRYDAG, 26 APRIL

Applications for CAT teaching post close
Werksafbakening
Detensie: JeR
Skoolbeleide uit vir hersiening
Wes-Boland Eisteddfod – sluitingsdatum vir alle afdelings

SATERDAG, 27 APRIL

VRYHEIDSDAG
Porterville (Weg)
Busdiens: HSH 1 GL, RLint, HSH 4 GG, CO, Quantum JR

SONDAG, 28 APRIL

LO.11 vind voor eks plaas
FW11(P) op 17/5

EKSAMENROOSTER JUNIE 2019
HOËRSKOOL HOPEFIELD

4

GRAAD	Ma 20/5	Di 21/5	Wo 22/5	Do 23/5	Vry 24/5	Ma 27/5	Di 28/5	Wo 29/5	Do 30/5	Vry 31/5	Ma 3/6	Di 4/6	Wo 5/6	Do 6/6	Vry 7/6	Ma 10/6	Di 11/6	Wo 12/6	Don 13/6
12	CAT.P	FW.1	AFR.2	BS	WISK.1 WG.1	WISK.2 WG.2	ENG.1	CAT.T	ENG.2	LW TOER	VS REK IGO.1 GEO.1 GEO.2	AFR.1	IGO.2	FW.P	LO	FW.2	ENG.3	AFR.3	Fotodag (+skrifte uitdeel)
11	VS REK.1 IGO.1 GEO.1	CAT.P	BS.1	CAT.T	FW.2	BS.2	ENG.1	LW TOER	AFR.1	WISK.1 WG.1	FW.1	REK.2 IGO.2 GEO.2	ENG.2	AFR.2	WISK.2 WG.2	Musiek	Punte in by ALo (Gr.12 LW+Toer, Gr.11 LO, Gr.10 Geo2)		
10	LW TOER	ENG.1	CAT.P		WISK.1+2 WG.1+2	VS REK IGO GEO.1	AFR.2	LO	AFR.1	BS.1	BS.2	VS.P	FW	CAT.T	ENG.2	GEO.2			
9	X	X	SW.A	AFR.2	SW.G	NW	ENG.4	SK	AFR.4	TEG	WISK	LO	ENG.2	EBW	WISK (P)	Punte in by ALo (Gr.7-12, behalwe Gr.12 LW+Toer, Gr.11 LO, Gr.10 Geo2)			
8	X	X	SW.A	LO	SK	WISK	-	SW.G	ENG.2	EBW	NW	TEG	AFR.2	-	WISK (P)				
7	X	X	LO	AFR.2	EBW	NW	WISK	TEG	ENG.2	SW.G	SW.A	-	SK	-	WISK	Skoolbywoning verpligtend tot laaste dag.			